

Sonnerad

NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 37, NR 2
VOL 37, NO 2

Oktober 2020
October 2020

Geagte lede

Dit was 'n moeilike tyd vir alle erfenis- en toerisme-instansies met die Covid-uitbreek en grendeltydperk. Stedig begin die land weer lewe kry noudat ons in fase 1 is en museums en ander toerisme-aantreklikhede weer hul deure mag oopmaak. Tydens Erfenismaand (September) het mense weer optimisties begin raak, totdat die regering afgekondig het dat hul met 'n proses wil voortgaan om sommige standbeelde uit die koloniale en apartheidseras uit openbare ruimtes na beeldeparke te verskuif. Dit het groot reaksie uit verskeie oorde ontlok. Lees gerus verder in die nuusbrieff wat die SAVK se siening oor hierdie saak is.

Julle is welkom om deur die jaar vir my relevante berigte vir plasing in die *Sonnerad* te stuur. Dankie aan almal wat tot hierdie maand se interessante nuusbrieff bygedra het

Groete
Petra Luus
Redakteur
petra@es.org.za

Dear members

It has been a difficult time for all heritage- and tourism organizations because of the Covid outbreak and lockdown. The country is slowly coming to life again now that we are in phase 1 and museums and other tourism attractions can reopen their doors. In Heritage month (September) one wanted to become optimistic again until the government announced that they are going to continue with the process to relocate statues from the colonial and apartheid period from public spaces to theme parks. This drew a variety of responses from various areas. Continue to read the newsletter to find out the views of the SAVK on this matter.

You are welcome to send any relevant articles for publication throughout the year. Thank you to everyone who made a contribution to this month's interesting newsletter.

Regards
Petra Luus
Editor
petra@es.org.za

NUUS UIT DIE RAAD

- ❖ Die kongres wat dié jaar in Clarens sou plaasvind is uitgestel na September / Oktober 2021 as gevolg van Covid. Die raad sal lede op hoogte hou van die reëlings.
- ❖ Ons is dankbaar dat dr Vicky Heunis van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein ingestem het om die vakante pos van ledesekretaris te vul. Baie welkom op die Raad, dr Heunis en dankie aan Celeste Rossouw wat die pos voor haar gevul het.
- ❖ Beskikbare uitgawes van die *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* is te koop. Die koste beloop R50 per tydskrif (posgeld uitgesluit). Kontak Petra Luus by petra@es.org.za.
- ❖ Nuus rakende die Tydskrif:

Die termyn van die huidige hoofredakteur verstryk einde Julie 2021.

Prof Elize van Eeden het hierdie posisie sedert 2014 vir twee termyne bekleed. In hierdie tyd is drie addisionele redakteurs benoem om ondersteunende rolle te vervul, en die redaksie is aansienlik uitgebrei om die kwaliteit van die tydskrifuitgawes verder te verbeter. Dit is die SAVK se behoefte dat die funksionering van die SATKG so vaartbelyn moontlik sal bly, en steeds verbind sal wees tot artikels van hoogstaande akademiese kwaliteit. As iemand belangstel in die posisie van hoofredakteur of as jy iemand wil nomineer, kontak die voorsitter, prof Anton van Vollenhoven, by antonv@archaetnos.co.za.

The term of the current editor-in-chief expires at the end of July 2021.

Prof Elize van Eeden has filled this position since 2014 for two terms. During this time, three additional editors were nominated to fill supporting roles, and the Editorial Board was significantly expanded to further improve the quality of the journal. It is the SASCH's need for the functioning of the SAJCH to remain as streamlined as possible, and to remain committed to articles of high academic quality. If anyone is interested to fill the position of editor-in chief or want to nominate someone, please contact the chairperson, prof Anton van Vollenhoven at antonv@archaetnos.co.za.

- ❖ Baie geluk aan prof Matilda Burden vir die erepenning wat sy van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang het vir die bevordering van geskiedenis (in haar geval natuurlik kultuurgeskiedenis). Dit is 'n groot prestasie.
- ❖ Dit is met groot hartseer dat die SAVK kennis neem van die afsterwe van drie groot reuse in die erfeniswêreld, nl. dr Elzet Albertyn, dr Claude Marais De Villiers, en die argitek Gabriel Fagan.

Dr Elzet Albertyn

Dr Albertyn was vir sowat 25 jaar lid van die SAVK. Sy het hoofsaaklik in die Wes-Kaap as erfeniskonsultant gewerk.

Dr Claude Marais De Villiers

Dr De Villiers was eers 'n predikant voor hy homself as geskiedkundige bekwaam het. Vanaf 1955 het hy navorsing gedoen oor die geskiedenis en aktiwiteite van die ANC, waartydens hy onderhoude gevoer het met onder andere Oliver Tambo en ook Nelson Mandela ontmoet het. Sy MA-verhandeling *Die "African National Congress" en sy aktiwiteite aan die Witwatersrand (1912-1956)* het hy *cum laude* voltooi in 1956, waarna hy in 1957 'n lektorspos in Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria aanvaar het. Hy voltooi sy PhD *Die vryetydsbesteding van volwasse manlike Bantoes in die gebied Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging* in 1972 met die finansiële ondersteuning van dr Anton Rupert. Claude het na 30-jaar diens (in 1988) as senior lektor in die Departement Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria afgetree. Hy is op 29 Julie 2020 op 96-jarige ouderdom in Pretoria oorlede.

Gabriel Fagan

Die argitek Gawie Fagan is op 13 September 2020 op die ouderdom van 95 oorlede. Hy het 'n groot voetspoor in die landskap van Suid-Afrika nagelaat. Hy was betrokke by die restourasie van Tulbagh na die aardbewing in 1969, sowel as die restourasie van historiese geboue soos die Kasteel van Goede Hoop. Hy het verskeie indrukwekkende museums ontwerp, soos die Chavonnes Battery, Diaz Museum en Boland Museum.

SAVK-RAAD SE STANDPUNT RAKENDE DIE VERSKUIWING VAN STANDBEELDE



Foto: <https://www.thesouthafrican.com/news/eff-calls-for-removal-of-paul-kruger-statue-in-tshwane/>

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (hierna "die Raad") het kennis geneem van die onlangse besluit van die kabinet om voort te gaan met 'n proses om sommige standbeelde uit die koloniale en apartheidseras uit openbare ruimtes na beeldeparke te verskuif. Ons het ons ook vergewis van die amptelike regeringstandpunt oor hierdie kwessie, soos uitgespreek deur mnr. Nathi Mthethwa, die minister van Kuns, kultuur en sport, asook die adjunk direkteur-generaal van sy departement, mnr. Vusi Ndima, wat die volgende aspekte behels:

- Die kabinet wil nie Suid-Afrika se geskiedenis met dié besluit ontken nie.
- Die regering kan egter nie toelaat dat "protagoniste" van kolonialisme en apartheid se standbeelde in openbare ruimtes bly figureer nie, omdat hul teenwoordigheid pynlik en aanstoot gee vir die meerderheid van die bevolking.
- 'n Belangrike oorweging vir die verskuiwing van standbeelde is om hulle teen beskadiging of vernietiging te beskerm.
- Die Departement van Kuns, Kultuur en Sport sal met plaaslike gemeenskappe en provinsiale wetgewers saamwerk om die verskuiwing van die standbeelde uit te voer en sal ook die hulp van nie-regeringsorganisasies in hierdie verband verwelkom.

- Die verdere proses behels dat 'n oudit binne ses maande voltooi moet word om te bepaal watter standbeelde nie met die land se grondwetlike waardes ooreenstem nie en verskuif moet word.
- Dit sal gevolg word deur 'n formele proses van openbare deelname, waar die verskillende gemeenskappe en rolspelers hul insette kan lewer.

Verder het die Raad ook kennis geneem van die kritiek op die kabinetsbesluit deur onder meer politieke partye, soos die Demokratiese Alliansie (DA) en die Vryheidsfront Plus (VF Plus), en burgerlike organisasies, soos Afriforum en Solidariteit. Dié kritiek behels onder meer:

- Die verskuiwing van standbeelde sal nie nasiebou bevorder nie, maar eerder die samelewing verdeel deur 'n deel van die bevolking te marginaliseer.
- Die ANC-regering misken die grondwetlike beginsel dat Suid-Afrika aan alle inwoners behoort deur diegene wat waarde aan die betrokke standbeelde heg se monde te snoer en ruimte in die land aan hulle te ontsê.
- Dit kom neer op 'n negering van die blankes en veral die Afrikaners se aandeel aan die land se historiese erfenis.
- Die regering beoog om "gereinigde" openbare ruimtes te skep, waar op 'n eensydige wyse sy eie weergawe van die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgebeeld sal word en uitsluitlik regeringsgoedgekeurde helde vereer sal word.
- Die verbanning van sekere standbeelde tot "konsentrasiekampe" gee aan die regering beheer oor hoe hulle in die toekomstige historiese narratief vertolk word en relegier die kultuurgroepe wat deur daardie standbeelde verteenwoordig word tot 'n posisie van ewigdurende skuld.

Die SAVK-Raad besef dat die regeringsbesluit teen die agtergrond van die huidige historiese konteks beoordeel moet word. Sedert die begin van die "Rhodes Must Fall"-beweging in 2015 is reeds 'n aantal standbeelde in Suid-Afrika gevandaliseer, vernietig of verskuif. In die onlangse verlede het die "Black Lives Matter"-beweging (BLM) internasionaal antikolonialistiese en antirassistiese emosies opgeswee, wat daartoe gelei het dat standbeelde in verskillende lande, onder meer in sekere state van die VSA, dié van leiers van die Konfederale magte in die Amerikaanse Burgeroorlog, geskend of verwyder is. BLM het ook nuwe lewe geblaas in die populistiese aandrang in Suid-Afrika deur politieke partye soos die Economic Freedom Fighters (EFF) en 'n deel van die ANC, en deur nie-regeringsorganisasies, soos die Black People's National Crisis Committee (BPNCC), dat "aanstootlike" standbeelde uit die openbare oog moet verdwyn. In reaksie hierop het die Kabinet nou besluit om die 2018-aanbeveling van mnr. Mthethwa se ministeriële taakspan oor die transformasie van die land se erfenislandskap, dat standbeelde van koloniale en apartheidsfigure, wat nie grondwetlike waardes soos vryheid en gelykheid verteenwoordig nie, uit prominente openbare ruimtes verwyder moet word en in aangewese temaparke heropgerig moet word, ten uitvoer te bring.

Omdat standbeelde gelaai is met simboliese betekenis en kragtige emosies opwek, is hul voorgestelde verskuiwing 'n netelige aangeleentheid. Teen die agtergrond van die

omstredenheid van hierdie kwessie en die potensieel verdelende en krenkende effek daarvan wil die Raad 'n beroep op die kabinet en minister Mthethwa doen om die beoogde proses van die verskuiwing van standbeelde in belang van die langtermynideaal van nasiebou met groot omsigtigheid te hanteer en dit nie te stoomroller nie. By openbare sittings was die meerderheidstandpunt volgens berigte dat standbeelde verkieslik nie geskuif behoort te word nie, maar dat openbare ruimtes in plaas daarvan eerder meer inklusief gemaak moet word. Dit is 'n gebalanseerde standpunt, wat die Raad kan onderskryf. Ons stip graag die volgende punte vir oorweging deur die regering aan:

- Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (wet 25 van 1999) stel die ideaal dat Suid-Afrika se erfenishulpbronne ten bate van die bevordering van nasionale kohesie tussen die verskillende bevolkingsgroepe bewaar en ontwikkel moet word, sodat erfenis kan bydra tot wedersydse begrip en respek tussen mense uit verskillende agtergronde. In die lig hiervan moet gewaak word daarteen dat die hantering van die voorgestelde verskuiwing van sekere standbeelde nie verdeeldheid in die samelewing verskerp nie.
- Internasionale riglyne vir die bewaring van erfenishulpbronne, soos die Burrahandves, benadruk dat erfenisbewaring 'n inklusiewe proses behoort te wees, waarby rolspelers uit alle plaaslike belanghebbende gemeenskappe op 'n gelyke basis betrek moet word. Sowel die voor- as die teenstanders van die verskuiwing van 'n spesifieke standbeeld se argumente behoort dus op 'n ewewigtige manier aangehoor en oorweeg te word.
- In aansluiting hierby geniet standbeelde en monumente spesifiek beskerming ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, wat ook 'n duidelike proses omskryf vir die hantering daarvan. Gevolglik is enige poging om standbeelde te verskuif hieraan onderhewig en sou dit 'n toets kon wees vir die eerlike hantering van die kwessie, asook die erns waarmee erfenisaangeleenthede bejeën word.
- Die Grondwet sluit 'n uitgebreide reeks beginsels en waardes in, wat by beleidmaking en implementering teen mekaar opgeweeg moet word. In die kwessie oor standbeelde is die grondwetlike beginsels van vryheid en gelykheid voorgehou as redes waarom sekere beelde wat aanstoot gee, verwyder behoort te word. Daarteenoor is daar ook die grondwetlike beginsels dat Suid-Afrika aan alle inwoners behoort, dat alle burgers gelyke regte en verantwoordelikhede moet hê en dat die verskillende seksies van die bevolking se tale, kulture en godsdienste beskerm moet word. Dit beteken dat minderhede se regte en belange ook deur die staat in ag geneem moet word. Owerhede moet verhoed dat die verskuiwing van standbeelde nie deur 'n deel van die bevolking as 'n aanslag op hul geskiedenis, erfenis en kulturele identiteit ervaar word nie.
- Die geskiedenis kan nie verander of uitgewis word nie en is nie 'n reeks onkontroversiële en nie-pynlike gebeure nie. Net omdat iemand nie aan pynlike gebeure van die verlede herinner wil word nie, verander nie die geskiedenis nie. Beelde en monumente behoort juis op hulle oorspronklike plek en in konteks in die openbare oog behou te word, sodat Suid-Afrikaners kan onthou om nie die foute van die verlede te herhaal nie.
- Daar moet in gedagte gehou word dat die plek waar 'n standbeeld opgerig is, 'n belangrike deel van sy identiteit en geskiedenis vorm. 'n Standbeeld of monument is met 'n bepaalde doel op 'n sekere plek opgerig. Dit vorm 'n uiters belangrike deel van 'n "sense of place".

Indien beelde na 'n kliniese temapark of beeldepark verskuif word, gaan hierdie konteks en betekenis heeltemal verlore.


In die lig van die voorafgaande versoek ons dus minister Mthethwa en die amptenare wat die proses van die verskuiwing van standbeelde gaan hanteer om die belofte van 'n behoorlike openbare deelnameproses oor die aangeleentheid gestand te doen. Duidelike kriteria moet vir die beplande oudit van standbeelde geformuleer en toegepas word. Daar is ook 'n duidelike definisie en omskrywing van wat presies met die woord 'koloniaals' bedoel word nodig, aangesien hierdie 'n gonswoord geword het wat dikwels ondeurdag gebruik word. Alle standbeelde wat voor 1994 opgerig is, moet nie oor dieselfde kam geskeer word nie. Elke standbeeld wat in die oudit vir moontlike verskuiwing geïdentifiseer word, moet afsonderlik hanteer word in oorleg met die plaaslike rolspelers.

Voorts moet besluite gegrond wees op deeglike navorsing, aangesien daar 'n persepsie bestaan dat die meerderheid standbeelde wat voor 1994 opgerig is, 'n uitdrukking van koloniale oorheersing of politieke onderdrukking is. Dit is gewoon nie waar nie en daarom behoort hierdie siening die nek ingeslaan te word deur op feite te steun, sodat ingeligte besluitneming in die hand gewerk word.

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis is deur sy doelstellings en ledebelange ten nouste gemoed met hierdie aangeleentheid. Daarom doen die Raad 'n beroep op alle lede om as kundiges en plaaslike rolspelers op 'n aktiewe en verantwoordelike wyse by hierdie proses betrokke te raak.

VOORTREKKERMONUMENT NUUS

Die Voortrekkermonument deel die volgende:



Die Voortrekkermonument het op Woensdag 24 Junie 'n projek geloods waarvolgens die Monument virtueel 'herbou' word. Om dit reg te kry, 'verkoop' ons die hele Monument en Bloedrivier. Deur 'n stukkie van die Monument of Bloedrivier te 'koop' kry die 'koper' dan 'n sertifikaat wat aandui wat hy 'gekoop' het. Die 'koper' se naam word vir die nageslag aangeteken in ons argief as een van dié wat tydens hierdie ernstige krisis 'n verskil gemaak het deur finansiëel by te dra. Hy word ook 'n ere-'eienaar' van die Monument.

Die Monument en Bloedrivier is in verskeie dele opgedeel wat bestaan uit die granietstene, die venstertjies, die hoekfigure, die walaer en diesmeer. Op Erfenisdag het die projek 'n tweede fase afgeskop waar mense nou voorwerpe, figure, perde ens. op die marmervriese kan "koop". Tans is daar slegs items van panele 1, 3, 4, 8 en 10 te "koop". Pryse wissel van R500 tot R10 000 en daar is iets vir elkeen se sak. Belangstelling in hierdie projek is van regoor die wêreld en ons het kopers van die VSA, Australië, België, Kanada, Duitsland, Nederland, Nieu-Seeland, Saudi-Arabië, Vlaandere, Swede, Engeland and die Verenigde Arabiese Emirate. Indien u belangstel, gaan kyk gerus by <https://www.voortrekkermonument.co.za/mobilityShop.php>



Ons was lekker besig op Erfenisdag met allerlei demonstrasies en 'n Volkspeldansgroep op die terrein. Ons het baie spekbome op die terrein verkoop, maar daar is nog 'n klompie oor. Hulle is R70 per boom en u kan dit by die Monument moet kom afhaal. Kontak gerus die Monument by 012 326 6770.

Ons opregte dank aan *Earthcon Construction* wat hierdie maand die installasie van die 12 JOJO-watertens op die terrein afgehandel het. Hulle het hul eie personeel gebruik om dit gratis vir ons te doen, en het ook die drukpompe, veiligheidskaste en waterpype aan die Monument geskenk. Ons hoop die tens help om ons waterrekening van R80 000 per maand te verlaag.



Ons eerste antiekmark van die jaar vind uiteindelik plaas op Saterdag, 7 November.

Voortrekkermonument

Antiek- & Versamelaarsmark

7 November

09:00 - 15:00

Toegang R30 per motor
 Parkering vir gestremdes
 173 Stalletjies en
 Kosstalletjies

Laat asb troeteldiere
 tuis en onthou
 u masker

Navrae: bemarking@vtm.org.za


Besoekers sal nie voor 07:00 die terrein kan betree nie




ERFENISSTIGTING-NUUS

Alhoewel die Erfenisstigting (ES) sy deure ook tydens die grendeltydperk moes sluit, kon die meeste van die personeel tuis met hulle take voortgaan. Een van die projekte wat bykans afgehandel is, is die bywerking van prof. O.J.O. Ferreira se boek, *'n Volk se hulde; die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*. Die boek het in 1975 verskyn en intussen het interessante nuwe inligting na vore gekom, asook ander foto's wat meer lig werp op dié komitee se werksaamhede tydens die hoeksteenlegging en inwyding van die Monument. Die bygewerkte boek se titel is *Marmor en graniet* sal binnekort beskikbaar wees.

Navorsing oor Nederlandse immigrante in Suid-Afrika in die 20ste eeu, wat deel vorm van 'n boekprojek wat handel oor Nederlandse invloed op Suid-Afrikaanse argitektuur, *Tectonic ZA Wilhelmiens*, is ook afgehandel.




Die ES en 'n span van die Voortrekkermonument het op 18 Junie op versoek van Afriforum en die Tshwane Stadsraad die Krugerbeeld op Kerkplein skoongemaak. Die beeldegroep is deur onbekende persone met rooi verf bespuit, vermoedelik 'n reaksie op die *#Black Lives Matter*-protesaksie wat wêreldwyd plaasgevind het. Die Stadsraad het amptelik sy waardering teenoor die ES uitgespreek vir die werk wat gedoen is en aangedui dat die Polisiehoof versoek is om 'n sekuriteitsplan vir al die stad se waardevolle openbare erfenishulpbronne te beraam.

Die Afrikaanse Winkel het sy deure gesluit! Ons bedank almal wat ons oor die jare ondersteun het. Ons kan ongelukkig nie die boekwinkel in hierdie moeilike ekonomiese tye meer bedryf nie.

Die ES ontvang geen staatsbefondsing nie en die afgelope maande was daar geen inkomste uit besoekers, navorsers of boekverkope nie. Die voortsetting van die ES se bewarings- en bewusmakingsaksies is in gedrang. Ons doen 'n beroep op ons ondersteuners om ons in hierdie moeilike tyd finansiëel by te staan.

Maak asseblief 'n donasie deur EFT of deur die SnapScan-kode te gebruik.



Rekeningnaam: Die Erfenisstigting

Bank: ABSA

Rekeningnommer: 4056 209 535

ABSA-kode: 632 005

Verwysing: Don + Jou Naam

ONS BEDANK ALMAL WAT REEDS DONASIES GEGEE HET OM ONS TE HELP OM STEEDS
VANDAG VIR MÔRE TE BEWAAR!

GENEALOGIE

Dr Jan Visagie het laat weet dat hy nog eksimplare van die boekie (60 pp.) *Stamvader Pieter Visagie (ca. 1632 – 1680) Europese herkoms, reis ná en verblyf aan die Kaap*, beskikbaar het. Visagie was die tweede vroegste Europese stamvader wat in Suid-Afrika (in 1655) aangekom het. Die boek bevat illustrasies en is omvattend gedokumenteer. Kontak hom by jancvisagie@telkomsa.net

Gaan besoek ook gerus die nuwe virtuele museum, as u belangstel in die Jordaan/Jourdan families, by www.jordaanvirtualmuseum.online.



The Jordaan & Jourdan Families





Museum Foyer

Amptelike opening van Virtuele Museum
24 September 2020 - Erfenisdag

Official Virtual Museum opening
24 September 2020 - Heritage Day



West Wing



Art Gallery

Researcher - Navorsers
Dr. Marthinus Jordaan
084 577 3226
navorsing@mjsjordan.co.za

Curator - Kurator
Andre Bezuidenhout
079 309 5897
abezoot@gmail.com

www.jordaanvirtualmuseum.online

We began a year ago and our virtual museum has grown significantly, from one room to 12 rooms and a virtual cemetery. It's all about the Jordaan / Jourdan families, from historical facts to personal achievements. Successful businessmen, farmers, artists, sportsmen & women, authors, reporters, media personell & many others. From school days to army training, it's all here. Once the virtual museum is open we urge you to submit your info to us and it will become part of your virtual museum and uphold and sustain our precious Jordaan / Jourdan heritage.

The virtual museum is a website and we currently sitting on 64 pages, containing 1699 folders at a size of 780mb and still going strong, on the ground, more than 200 square metres of display area.



Wine Cellar



Flower Shop



Soldier Room



Waldensian Room



Virtual Cemetery



Media Room



Cemetery Info Room

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Petra Luus.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Annie Antonites (Engels)

Die Sekretaris
SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis
Posbus 11403
Hatfield
0028, RSA
petra@es.org.za



The Secretary
SA Society for Cultural History
PO Box 11403
Hatfield
0028, RSA
petra@es.org.za